

30 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Romeine 8:12-18
Fokusgedeelte: Romeine 8:17, 18

God se kinders deel alles met Christus

Een van die eerste dinge wat die Heilige Gees vir God se uitverkore kinders doen, is om hulle te leer om vir God "Vader" te sê. Dit is net soos in die gewone lewe. Jy leer eers om vir jou ouers "pappa/mamma" te sê, en dan groei die wete: "Ek is hierdie pappa/mamma se kind!" Net so groei die wete dat ons regtig hierdie "Vader" se kinders is, in ons eie binneste. Ons eie gees, hart en gemoed kom in ooreenstemming en instemming met die getuienis van die Heilige Gees.

En, net soos in die gewone lewe, is kinders erfgename. God se kinders erf by God, saam met Christus, uit die rykdom en genade van hulle Vader, alles wat Christus met sy volmaakte offer verdien het. Christus se verdienste is op sy lyding gegrond, en daarom hét God se kinders wesenlik deel aan Christus se lyding.

Nadat Jesus die wil van sy Vader deur sy lyde en sterwe volbring het, het die Vader Hom weer met die heerlijkheid bekleed wat Hy voor sy menswording gehad het. Daarom sal God se kinders wat nou deel het aan Jesus se lyding, ook eenmaal ten volle aan Jesus se heerlijkheid deel hê!

Hoe wonderlik! God het sy kinders só lief dat Hy hulle deur sy Heilige Gees verseker dat die eer en die heerlijkheid wat aan Hom alleen toekom, ook eenmaal vir hulle gegee sal word. Daarom is die lyding wat ons hier op aarde moet verduur, niks in vergelyking met die heerlijkheid wat God vir ons beskik en Christus vir ons verwerf het nie. Daarom bely ons nogmaals dat al die eer en die heerlijkheid aan God alleen toekom!

Sing: Skrifberyming 1-4:3, 4

Ds JH (Harry) Cilliers (Reitz)